

### Bid om die vrede van Jerusalem

Is dit moontlik dat hierdie hartroerende gebed nog nooit verhoor is nie? "Bid vir die vrede van die Stad van Vrede (Jerusalem)." Natuurlik is daar dikwels in die Ou-Testamentiese tyd al so gebed. Deur die lange eeue van die ballingskap heen is daar diep en met trane gebed om die vrede van Jerusalem.

Moenie dink dat daar gedurende die 400 jaar tussen die laaste profeet van die Ou Testament (Maleagi) en die koms van Christus nie voortdurend so 'n gebed opgeklank het nie ... maar is hierdie gebed regtig nie verhoor nie? Wie deur die eeue heen, tot in ons tyd toe, oppervlakkig na Jerusalem kyk kan in elk geval maklik tot die slotsom kom dat ons in Psalm 122:6 met so 'n onverhoorde gebed te doen het!

"Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor" (Luk 1:12). Dis wat 'n ou priester in die volheid van die tyd hoor. Hy hoor by 'n engel van die verhoring van sy persoonlike gebed – maar ook van ál die tempelgebede deur die eeue heen. Die gebed om die vrede van Jerusalem is wáárluk verhoor – deur die advent van Hom wat oor die stad gehuil het: "Toe Hy nog naderkom en die stad voor Hom sien het Hy daarvoor gehuil en gesê: 'As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor.'"

Sien jy dit in of is jy ook dalk blind daarvoor? Omhels vandag deur die geloof jóú Vrede (Ef 2:14)!

*Sing: Psalm 122:2 (1936)*

*Dr. PP Kruger (Meyerspark)*